MENIKO

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette Extraordinary

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Buitengewone Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRICE: S.A. 40c Plus 5c G.S.T. OVERSEAS: 50c

PRYS: S.A. 40c Plus 5c A.V.B. OORSEE: 50c

Vol. 234 PRETORIA 30 SEPTEMBER 1991 4779

## Administrator's Notice

Administrator's Notice 510 30 September 1991

AMENDMENT OF THE HORSE-RACING AND BETTING REGULATIONS

The Administrator has, under section 55(1) of the Horse-racing and Betting Ordinance, 1978 (Ordinance No. 24 of 1978), made the regulations in the Schedule.

SCHEDULE

Definitions

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates, "the Regulations" means the Horse-racing and Betting Regulations, promulgated by Administrator's Notice 1916 of 22 December 1978, as amended by Administrator's Notices 317 of 12 March 1980, 1764 of 24 November 1982, 1027 of 22 June 1983, 491 of 21 March 1984, 1686 of 14 August 1985, 1358 of 16 July 1986, 1647 of 27 August 1986, 326 of 25 February 1987 and 509 of 25 September 1991.

Substitution of regulation 82 of Regulations

2. The following regulation is hereby substituted for regulation 82 of the Regulations:

"Percentages for calculation of totalizator tax

82.(1) The percentages for the calculation of the tax payable in terms of section 45(1)(a) of the Ordinance shall be —

(a) in respect of a totalizator conducted by a racing-club, excluding an off-course totalizator —

(i) fourteen and three-quarters percent of that portion of the gross takings of such a totalizator which is derived from jackpot, place-accumulator and pick six bets;

(ii) twelve and a quarter percent of that portion of the gross takings of such a totalizator which is derived from trifecta bets; and

(iii) seven and a quarter percent of that portion of the gross takings of such a totalizator which is derived from any other bets;

(b) in respect of a totalizator conducted by the holder of a special licence contemplated in section 9(1) of the Ordinance, ten percent of the gross takings of such a totalizator;

(c) in respect of an off-course totalizator conducted by the Board on behalf of a racing-club —

(i) twelve and a quarter percent of that portion of

## Administrateurskennisgewing

Administrateurskennisgewing 510 30 September 1991

WYSIGING VAN DIE REGULASIES OP PERDEWEDRENNE EN WEDDENSKAPPE

Die Administrateur het kragtens artikel 55(1) van die Ordonnansie op Perdewedrenne en Weddenskappe, 1978 (Ordonnansie No. 24 van 1978), die regulasie in die bylae uitgevaardig.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken "die Regulasies" die Regulasies op Perdewedrenne en Weddenskappe, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1916 van 22 Desember 1978, soos gewysig deur Administrateurskennisgewings 317 van 12 Maart 1980, 1764 van 24 November 1982, 1027 van 22 Junie 1983, 491 van 21 Maart 1984, 1686 van 14 Augustus 1985, 1358 van 16 Julie 1986, 1647 van 27 Augustus 1986, 326 van 25 Februarie 1987 en 509 van 25 September 1991.

Vervanging van regulasie 82 van Regulasies

2. Regulasie 82 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"Persentasies vir berekening van totalisatorbelasting

82.(1) Die persentasie vir die berekening van die belasting betaalbaar ingevolge artikel 45(1)(a) van die Ordonnansie is —

(a) ten opsigte van 'n totalisator deur 'n wedrenklub bestuur, uitgesonderd 'n buitebaanse totalisator —

(i) veertien en 'n driekwart persent van daardie gedeelte van die bruto ontvangste van so 'n totalisator wat van boerpot-, plekpot- en kiesesweddenskappe afkomstig is;

(ii) twaalf en 'n kwart persent van daardie gedeelte van die bruto ontvangste van so 'n totalisator wat van trifectaweddenskappe afkomstig is; en

(iii) sewe en 'n kwart persent van daardie gedeelte van die bruto ontvangste van so 'n totalisator wat van enige ander weddenskappe afkomstig is;

(b) ten opsigte van 'n totalisator deur die houer van 'n spesiale lisensie beoog in artikel 9(1) van die Ordonnansie bestuur, tien persent van die bruto ontvangste van so 'n totalisator;

(c) ten opsigte van 'n buitebaanse totalisator deur die Raad namens 'n wedrenklub bestuur —

(i) twaalf en 'n kwart persent van daardie gedeelte

the gross takings of such a totalizator which is derived from jackpot, place accumulator and pick six bets;

(ii) nine and three-quarters percent of that portion of the gross takings of such a totalizator which is derived from trifecta bets; and

(iii) four and three-quarters percent of that portion of the gross takings of such a totalizator which is derived from any other bets; and

(d) in respect of an off-course totalizator conducted by the Board on behalf of a person holding a race-meeting in another Province —

(i) twelve and a quarter percent of that portion of the gross takings of such a totalizator which is derived from jackpot, place accumulator and pick six bets;

(ii) nine and three-quarters percent of that portion of the gross takings of such a totalizator which is derived from trifecta bets; and

(iii) four and three-quarters percent of that portion of the gross takings of such a totalizator which is derived from any other bets.

(2) The percentage of the gross takings by a totalizator which in terms of section 45(5) of the Ordinance shall not be exceeded by the amount of the tax payable in terms of subsection (1)(a) of that section, the commission mentioned in section 13 of the Ordinance and the levy contemplated in section 51A(1) of the Ordinance, shall be twenty-five percent.".

Substitution of regulation 83 of Regulations

3. The following regulation is hereby substituted for regulation 83 of the Regulations:

"Percentages for calculation of tax on betting transactions

83. The percentages for the calculation of the tax payable in terms of section 46(1)(a) of the Ordinance shall be —

(a) seven percent in respect of bets made on a licensed race-course; and

(b) nine percent in respect of bets made at a Tattersalls.".

Substitution of regulation 87A of Regulations

4. The following regulation is hereby substituted for regulation 87A of the Regulations:

"Percentages for calculation of levy for benefit of Horse-racing Development Fund

87A. The percentages for the calculation of the levy payable in terms of section 51A(1) of the Ordinance shall be —

(a) in respect of a totalizator conducted by a racing-club, excluding an off-course totalizator —

(i) five and a quarter percent of the gross takings of such a totalizator which is derived from dupla, swinger and trifecta bets; and

(ii) two and three-quarters percent of the gross takings of such a totalizator which is derived from any other bets;

(b) in respect of an off-course totalizator conducted by the Board on behalf of a racing-club —

(i) five and a quarter percent of the gross takings of such a totalizator which is derived from dupla, swinger and trifecta bets; and

van die bruto ontvangste van so 'n totalisator wat van boerpot-, plekpot- en kies-sesweddenskappe afkomstig is;

(ii) nege en 'n driekwart persent van daardie gedeelte van die bruto ontvangste van so 'n totalisator wat van trifectaweddenskappe afkomstig is; en

(iii) vier en 'n driekwart persent van daardie gedeelte van die bruto ontvangste van so 'n totalisator wat van enige ander weddenskappe afkomstig is; en

(d) ten opsigte van 'n buitebaanse totalisator deur die Raad namens 'n persoon wat 'n wedrenbyeenkoms in 'n ander Provinsie hou, bestuur —

(i) twaalf en 'n kwart persent van daardie gedeelte van die bruto ontvangste van so 'n totalisator wat van boerpot- en kies-sesweddenskappe afkomstig is;

(ii) nege en 'n driekwart persent van daardie gedeelte van die bruto ontvangste van so 'n totalisator wat van trifectaweddenskappe afkomstig is; en

(iii) vier en 'n driekwart persent van daardie gedeelte van die bruto ontvangste van so 'n totalisator wat van enige ander weddenskappe afkomstig is.

(2) Die persentasie van die bruto ontvangste by 'n totalisator wat ingevolge artikel 45(5) van die Ordonnansie nie deur die bedrag van die belasting betaalbaar ingevolge subartikel (1)(a) van daardie artikel, die kommissie genoem in artikel 13 van die Ordonnansie en die heffing beoog in artikel 51A(1) van die Ordonnansie oorskry mag word nie, is vyf-en-twintig persent.".

Vervanging van regulasie 83 van Regulasies

3. Regulasie 83 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"Persentasies vir die berekening van belasting op weddenskapstransaksies

83. Die persentasies vir die berekening van die belasting betaalbaar ingevolge artikel 46(1)(a) van die Ordonnansie is —

(a) sewe persent ten opsigte van weddenskappe op 'n gelisensieerde renbaan aangegaan; en

(b) nege persent ten opsigte van weddenskappe by 'n Tattersalls aangegaan.".

Vervanging van regulasie 87A van Regulasies

4. Regulasie 87A van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasies vervang:

"Persentasies vir berekening van heffing ten bate van Perdewedrenontwikkelingsfonds

87A. Die persentasie vir die berekening van die heffing betaalbaar ingevolge artikel 51A(1) van die Ordonnansie is —

(a) ten opsigte van 'n totalisator deur 'n wedrenklub bestuur, uitgesonderd 'n buitebaanse totalisator —

(i) vyf en 'n kwart persent van die bruto ontvangste van so 'n totalisator wat van dupla-, swinger- en trifectaweddenskappe afkomstig is; en

(ii) twee en 'n driekwart persent van die bruto ontvangste van so 'n totalisator wat van enige ander weddenskappe afkomstig is;

(b) ten opsigte van 'n buitebaanse totalisator deur die Raad namens 'n wedrenklub bestuur —

(i) vyf en 'n kwart persent van die bruto ontvangste van so 'n totalisator wat van dupla-, swinger- en trifectaweddenskappe afkomstig is; en

(ii) two and three-quarters percent of the gross takings of such a totalizator which is derived from any other bets;

(c) *in respect of an off-course totalizator conducted by the* Board on behalf of a person holding a race-meeting in another province —

(i) five and a quarter percent of the gross takings of such a totalizator which is derived from dupla, swinger and trifecta bets; and

(ii) two and three-quarters percent of the gross takings of such a totalizator which is derived from any other bets; and

(d) in respect of a person contemplated in section 46(1)(a)(ii) of the Ordinance, two percent of the amount on which the tax referred to in that section is payable in respect of any bets.".

Commencement

5. These Regulations shall come into operation on 30 September 1991.

(ii) twee en 'n driekwart persent van die bruto ontvangste van so 'n totalisator wat van enige ander weddenskappe afkomstig is;

(c) *ten opsigte van 'n buitebaanse totalisator* deur die Raad namens 'n persoon wat 'n wedrenbyeenkoms in 'n ander Provinsiae hou, bestuur —

(i) vyf en 'n kwart persent van die bruto ontvangste van so 'n totalisator wat van dupla-, swinger- en trifectaweddenskappe afkomstig is; en

(ii) twee en 'n driekwart persent van die bruto ontvangste van so 'n totalisator wat ten enige ander weddenskappe afkomstig is; en

(d) ten opsigte van iemand in artikel 46(1)(a)(ii) van die Ordonnansie beoog, twee persent van die bedrag waarop die belasting in daardie artikel bedoel, betaalbaar is ten opsigte van enige weddenskappe.".

Inwerkingtreding

5. Hierdie Regulasies tree op 30 September 1991 in werking.

2